

# O E S T Y D

## 3de kwartaal 2011

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

### ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

*Junie 2011*

Ek hoop dit gaan sommer baie goed met julle.

Ek is dankbaar dat die gereelde reën hier verligting bring van die hitte en humiditeit. Terwyl ons woel en erg besig is voel dit asof die besoek aan Suid-Afrika aan 'n vêr gister behoort.

Ek is huidig besig om saam met Koning Salomo te loop en lewenslesse van hom af te leer. In my hart het vroeë opgekóm; "Aan wie was hy verantwoordbaar het hy 'n Nathan gehad wat hom aangespreek het of het hy sy 'Nathan' geignoreer? Sou hy weg geloop het vanaf God se bevele vir hom, as hy êrens geestelik verantwoordbaar was?

Ek weet nie die antwoorde nie. Wat ek wel weet is dat dit iets is wat my persoonlik al lankal pla – ek is nêrens verantwoordbaar nie. Ek het al probeer om onder die vlerk van sending groepe in te kom – dit werk net nie omdat ek alreeds by 'n bediening betrokke is. 'n Gedagte wat in my kop gedraai het was om 'n groep te begin saam met ander wat soos ek voel oor verantwoordbaarheid. Wel dit lyk asof dit nou gaan realiseer en ons sal heel moontlik die maand begin saam kom.

Hier by ons is daar ouens wat sê die verantwoordbaarheids konsep totaal oordryf word. Ek weet nie so mooi nie, ons almal het 'blind spots'. Die Bybel praat tog ook daarvan; Een liggaam (1Kor 12), sodat ons mekaar kan help om nie die pad byster

te raak nie (Gal 6:1-2) om mekaar te bemoedig en op te bou (Heb 10:24; 1 Thess 5:11). Het jy so iemand of moet jy dalk ook uitspring en jou eie groepie begin.

## **Bamboo Shoot**

### *Bamboo Shoot- 'Hulp fonds'*

Dankie vir die bydrae vir die projek. Die fondse het die outjie in Sok se 'village gehelp'. Sy arm het net bo die elmboog gebreek. As gevolg van armoede is hy na 'traditional healers' gevat. Hulle het 'n blare-pasta aangesmeer - nie gespalk nie. Die gips sal onder andere help dat langtermeine komplikasies voorkom word.

### *Voeding Skema*

Dié bedienings projek het verlede week meer kinders as net dié outjies wat rys ontvang betrek. Veertig kinders in Sok se gemeente het die geleentheid gehad om deur Hennie & Dorothy en Peter & Dot geseën te word.

Hennie en Peter is op RTXray se raad hulle ondersteun 15 kinders. Ebeneazer gemeente is ook by die kinders betrokke. Die kinders het vroeg oggend met 'n kombi vanaf die 'village' na 'n waterpark naby Phnom Penh gereis. Koekies en kos is gegee en almal het ook 'n stel splinternuwe klere ontvang.

Ek glo dat die dag 'n onvergeetelike ondervindig vir village kinders was – spesiaal omdat hulle nooit verder as hulle 'village' gaan nie en hulle heel moontlik nooit die kans sou gehad het om 'n waterpark te besoek nie. Dankie aan julle vier SA'ers wat die kinders so 'bederf' het.

### *Khmer Bybels*

Ons kon 131 Bybels en 50 Sangboeke koop met jou donasie. Dit is nog nie uit gegee nie. Ons sal dit die maand doen en ek sal meer daaroor skryf in die volgende nuusbrief.

## **Veritas Network 'Cambodia'**

### *Proeflees*

In die Veritas Network Cambodia (VNC) kantoor is ons huidig druk besig met die proeflees en rekenaar korrigering van Module 4. Die urelange heen en weer dink in verskillende tale is nogal 'n uitdaging – dit laat my dink aan die vraag 'Hoe eet mens 'n olifant?' - Happie vir Happie' Ons is stadig maar seker besig om te vorder!

### *Regerings registrasie*

Ons hoop om die konstitusie vir regerings registrasie die week af te handel met die hulp van EFC. Saran boer in EFC se kantoor. Bid asseblief dat die regering dit sal aanvaar en dat die nuwe wette wat binnekort in gestel gaan word nie 'n blokkasie veroorsaak nie. Niks is onmoontlik vir ons God nie ☺!

### *Saran as VNC Direkteur.*

Dit is al maande terug wat ek aan VCI voor gelê het dat hy die direkteur word. Nie alleen gaan sy nuwe rol help vir regerings registrasie nie maar ook vir een van my doelwitte - om 'n Khmer aan hoof van VCN te sien. Die beplande nuwe wette het nogal baie 'negatiewes' vir Internasionale organisasies.

Sodat hy meer kan netwerk het ek voorgestel dat hy na die 'Kambodja Opkomende leiers summit' gaan. Sy terugvoer....

“ Praise the Lord! I am very happy that I have chance to attend in this workshop I have learned a lot of things and also have very good experience from the workshop. I have learned more about the word of God and also the knowledge that relate to the leadership. Moreover, I know more people and especially the leader from many NGOs and Churches. I also know more about the Ministry Organization that work together to extend the Kingdom of God in many different ways. I am happy that many people start to know me and especially they start to know Veritas College Cambodia. I really enjoy with this experience and thank God for this blessing.”

### *Die Kambodja Kat*

Ek wil graag met julle deel oor hoe 'n gesin en 'n selgroep in Australia se Kambodja kat 'n verskil maak vir VNC. Die fondse word gewoonlik oorbetaal 'vir gebruik waar nodig'.

Lynette Willeboorse aan die woord ... “ Ivan (VCI) het by ons kom deel oor die feit dat die Kambodja mense baie arm is, honger is vir die Bybel wat \$5 een kos en, dat van hulle net \$1 per dag verdien. Ons het toe besluit dat die kat (spaarbus) op die eetskamertafel sal bly staan. Elke keer as my seun 'n dollar ingooi dan sê ons dankie jy het so pas iemand se salaris betaal. As iemand \$5 ingooi dan sê ons weer jy het so pas vir iemand 'n Bybel gekoop. Elke ander klein stukkie betaal vir die vertaal van 'n woord van Veritas Materiaal. Ek is ook altyd bly as die bedrag optel na 'n getal wat gebruik kan word - ek en die bybelstudie en my familie se elke keer vir mekaar selfs as 'n 5sent in die kat gegooi word dat nog 'n paar letters van 'n woord vertaal word. Daar word nou selfs gepraat van die Kambodja kat. Dit is een lekker plesier om peetfamilie van Kambodja te wees”

Dankie julle praktiese 'Kambodja kat' betrokkenheid het al baie gehelp! Hoe lyk dit het is daar nie ook ander selgroepe wat met so 'n vindingryke idee kan begin om VCCam finansieel te help nie?

*E-pos ontvang Augustus 2011*

### **Kambodja span**

Sok het die afgelope maand gesukkel om sy gemeente-, familie- en Veritas verpligtinge alles na te kom. Ek was egter soort van geskok toe hy my kom vertel dat hy vanaf die maand net 2 weke per maand sal werk. Ek het die 'cut' verwag maar ons het baie daaroor gepraat en hy het altyd gese dit sal eers volgende jaar Julie maand gebeur. Ek dink wat vir my die moeilikste is is dat ek ervaar dat hy nie meer regtig die opleiding wil doen nie - hier by ons is mense oud as hulle so 50jr oud is en hy voel hy is nou naby aan die ouderdom en kan nie meer veel doen nie. Dit veroorsaak nogal komplikasies vir ons tov opleiding wat beplan is. Ons moet nou dringend 'n nuwe personeel lid kry.

### **Ander**

- Saran begin die maand met sy studies - BA in Management (hy het ingeskryf voordat Sok sy 'cut' gemaak het, anders sou ek dalk 2 keer gedink het voor ek toestemming gegee het) hy sal nou elke naweek vanaf 8h00 tot 15h00 klas draf en Vrydae af neem. Dankie Heinrich dat jy dit hom geborg het om dit te kan doen.
- VNC Registrasie by die regering - Al die aansoek vorms is ingegee en nou wag ons in spanning om te hoor of dit goedgekeur gaan word.
- Tharoath en Saran het met nuwe groep begin. Veral Tharoath het gebede nodig omdat hy by 'n 'tribal' groep Module 1 gaan begin aanbied - die 30 Christene se pastoor het hulle 'weg gegooi' en stad toe verhuis. Die Christene het ons gevra om te kom hulle te kom leer hoe om hulle gemeente met verantwoordelikheid te lei en te vestig.

## Allan en Ansie van der Merwe skryf uit GURUE - MOSAMBIEK

11 Julie 2011

Ons het `n **uitreikspan** van 9 persone gehad. Die uitreikspan was die pragtigste jong mense uit die Kaap. Vyf van hulle is besig om of vir pastoor of berader te studeer. Allen het met twee geleenthede die Jesus film vertoon by twee nuwe kerkies. Ons het saam met die uitreikspan uitgegaan, waar Allen en die span se groepleier boodskappe gebring het en die jeug het sekere programme met die gemeentelede gedoen. Een van die plaaslike mense het ook tot oorgawe gekom na die 5de dag. Ons is baie dankbaar hiervoor. Die span was 'n groot seën vir ons. Ons het besluit om hulle in ons huis te neem en kon elke aand met `n geskerts van jong mense in die agtergrond aan die slaap raak. Nou sit ons met `n leë nes sindroom, wat `n paar dae gaan neem om te herstel.

### **Persoonlik**

Ons dank die Here dat ons weer gesond is en nog nie weer malaria of iets gekry het nie. Ons een hondjie is deur `n slang gepik maar het wonderbaarlik herstel en daarvoor is ons ook baie dankbaar.

### **Gurue dorp**

Die wêreld hier in Gurue is in rep en roer, hulle is besig om die paaie reg te maak om te teer. Allen het vir die padwerkers gaan vra of ons `n vrag grond kan kry vir ons tuin, en hulle was so gaaf om drie vragte grond af te laai. Daarna kom ons agter hulle soek eintlik plek vir die grond: die voorman vra of ons nie nog `n duisend vragte wil he nie, dan sal hulle ook ons pad en rylaan regmaak. Ons het nie spasie vir so baie grond nie en dit, en die regmaak van ons oprit, maar van die hand gewys. Darem ry ons nou teerpad dorp-toe!

### **Radio Projek: Omwiwa Yesu**

Ons het die afgelope paar maande 23 briewe gekry van mense wat dankie sê vir die programme. Van hulle het spesifiek vir die borge wat die programme moontlik maak, bedank. Ander sê dankie dat Omwiwa Yesu hulle kerkies se leiers se visie verbreed het. Daar is ook getuienisse van mense wat se gedrag verander het, binne die huwelik en ook geskeides wat weer herenig is.

Daar het ook 29 briewe ingekom wat vrae het oor gesins-probleme, die doop, sosiale gedrag en oor die betekenis van verskeie Bybel verse.

Hierdie vrae word deur die radio programmeerders oor die lug beantwoord. Bid asseblief vir die programmeerders, vir insig en wysheid met beantwoording van die vrae.

Elke programeerder dra ook nou `n hempie met die projek se name op...

Die **Woordskool** is, soos in vorige nuusbrieff gemeld, vir die jaar gesluit. Allen het sommige van die ouderlinge (wat alreeds deur die Woordskool-kursus is), ingeskryf by Infortem opleiding sentrum in Macuba. Dit is `n jaar evangelisasie kursus, waar hulle as evangeliste kwalifiseer en ook diplomas ontvang. Dankie aan die Suid Afrikaanse ondersteuners wat hierdie opleiding moontlik gemaak het.

**Chabwe** skool is tydelik gesluit en die kinders is uitgeplaas na ander skole as gevolg van die despuut tussen die staat en die kerkraad oor die skool gronde. Ons is onseker of daar weer in die toekoms `n skool op die perseel sal wees. Die kerk wil nie die skool aan die staat oorhandig nie en daarom kan die kinders nie daar skoolgaan nie. Die gebou staan tans leeg, ons weet nie wat die kerkraad daarmee gaan doen nie, net tyd sal leer.

Bid asb saam vir ons gesondheid en veiligheid.

Bid ook saam vir die Radio projek wat tans `n wonderlike inpak in die omgewing maak, dat dit meer en meer van krag tot krag sal gaan.

Ons wil ook vra dat julle aan ons kinders sal dink in julle gebede.

## **Freddie Swart skryf oor MOSAMBIEK – GURUE RADIOBEDIENING**

*Nuusbrieff van 2 Augustus 2011*

Die volgende briewe dien ter voorbeeld van die talle briewe wat gereeld ontvang word deur die programopstellers van die Radiobediening in Gurue. Die briewe is vertaal vanuit Portugees deur Allen van der Merwe..

### Brief 1:

Die evangelie wat uitgestuur word deur Omwiwa Yesu het my hart baie geraak. Ek dank God, die Almagtige, wat die visie in ons broer van Suid Afrika geplaas het.

My kinders was altyd ongehoorsaam, my dogters het sommer met hulle onderklere buite rond geloop en by diskos rond gelê. Hulle het seksuele verhoudings met meer as een persoon gehad en wou nie kerk toe gaan nie. Maar nadat die evangelie oor die radio gehoor is, het hulle deur die genade van God bekeer en het hulle verander van hulle slegte gewoontes af. Hulle gaan nou uit hulle eie uit kerk toe en is betrokke by die jeug - hulle is ook nou gehoorsaam. Ons en ons kinders is ook dankbaar vir die Bybelse lesse wat ons in die huis hoor wat deur die Omwiwa Yesu programme oorgedra word. Soos byvoorbeeld, jy moet jou vrou lief hê en die waardes van haar respekteer. Ek loof die Here wat lewe. Mag Hy gee dat die program sal bly voortgaan om my en ook ander persone te help.

Baie dankie.

Andre Jorge van Gurue

### Brief 2:

Genade van God alomteenwoordig wat hierdie program Omwiwa Yesu vir ons moontlik gemaak het. Ek is dankbaar vir die program want dit bring vir ons temas uit die evangelie wat ons vroeër nie gehoor het nie. Ons kerkleiers praat nou ook meer reguit oor wat in die Bybel staan oor praktiese goed wat God nie van hou nie. Ek hou baie van hierdie program. Die program steek niks weg nie. Hulle openbaar dit wat goed is en dit wat sleg is, wat elkeen van ons op ons weë sal vind. Dit verlig ook baie verse en hoofstukke in die Bybel vir my. Die Here seën die wat Omwiwa Yesu se programme vir ons bring.

Baie dankie.

Benjoumin Carlitos van Namaroi

### Brief 3:

Ek dank die Here wat lewe vir die program, Omwiwa Yesu. Die evangelie wat ek oor die program gehoor het, het my van my ou lewe laat afsien. Voor ek hierdie program gehoor het, was ek in die kerk van die Verenigde Baptiste, maar ek was nog steeds `n mens met baie sonde in my lewe - baie geskinder en sleg gepraat van ander. Ek het egbreuk gepleeg, ek het toordokers besoek, ek het gerook, ek het gevloek en lelik teenoor ander gepraat, ek het baie gedrink en nog baie ander goed gedoen. Maar deur die evangelie wat ek oor die radio gehoor het, het ek toe eers verstaan dat die tipe lewe nie in `n christen moet wees nie. Ek het nou Jesus aangeneem as my Verlosser. Ek word nou baie hartseer as ander persone nie gehoorsaam wil wees aan die evangelie van die Here wat oor die radio verkondig word nie. Ek bid die Here sal die programopstellers versterk en dat hulle sal kan aangaan om die evangelie te kan verkondig.

Baie dankie.

Dionicio Erensto Manual van Mucaveia

Bid asseblief vir die skrywers, hul gesinne, families en vriende in die uitlewing van hul getuienis onder dikwels moeilike omstandighede. Bid ook vir die

programopstellers (4) en die Omwiwa Yesu Bestuur in Gurue wat hierdie bediening administreer.

## LAUDIUM

*Verslag ontvang vanaf Johan Naudé*

### **1. Outreach Members**

The number of +/- 15 outreach members were recently increased, when a further number of 38 young people joined our outreach endeavours in Laudium for a period of two weeks. This formed part of OM's official training program – and they did a magnificent work. They braved the extreme cold conditions in the classrooms and in the hall of the church, where they resided during their stay, and by means of a 'survey' they undertook in the area, had some wonderful times of sharing the Gospel of Jesus with Christians, Muslims and Hindus alike.

In the evenings, groups of three or four members were formed, and together with the regular members of the Laudium Outreach Group, they went 'door-knocking' – which means that you randomly knock on doors, first asking the occupants to share something about their beliefs with these young people coming from many different countries throughout the world, and then in turn, utilising the opportunity to share the Gospel of Jesus Christ with them.

The response was great, and one can safely say that an average of ten homes heard the Gospel during such encounters.

During one of these outreaches, a lady by the name of Waida said that when the group entered her home that evening, she experienced an unusual peace filling her home. She surrendered her life to the Lord Jesus that evening and repented of her previous ways, and is following Jesus now. We praise the Lord for every person who sincerely turns to Him.

One young man by the name of Siral, who comes from a Christian background, but was an alcoholic – when one of the teams visited him, made a new commitment to God and repented of his old ways. His family told us that that was the last that Siral was either smoking or drinking. He went from there, apologising to those he had done wrong in the past – he even came to me the next Sunday to ask for my forgiveness for his behaviour in times gone by. The next Wednesday his family phoned me, telling me that Siral had been the victim of a 'hit-and-run' accident and



that Siral had gone to be with Jesus. I can't else but feel that this brother of mine had entered just in time!

## **2. Evangelism Training**

Whilst new members are given 'on-the-job-training', further training on how to reach Hindu and Moslem people with the Gospel of Jesus is also offered. This is, not only offered to the group members as such, but also to congregations or groups from other churches, who are interested in reaching people for Jesus.

This weekend sees another of these training opportunities, when on Saturday the 30th of July, we are having the group meeting at the Church for a time of intercession and training.

## **3. DVD Ministry**

The DVD library which is overseen by Shaun Munsamy is still in full swing and Shaun reported that there is still a keen rotation of the films we have in stock. We have also ordered the film made of the life-story of Sadu Sundar Singh. This we could not find locally, but it was ordered from Brittain, and when it arrives, we intend doing a number of 'film shows' at various places in Laudium, before including it into the library.

Cd's of the Sunday services are also made available to all who have a need for such. Reports indicate that the messages are keenly distributed throughout Laudium, for which we are extremely grateful.

## **4. Financial Matters**

Herewith also a word of heart-felt thanks to the Dutch Reformed Church – Rietfontein Congregation for their valued contribution towards this Ministry. We can but pray that God would richly bless you for your share in this great ventur for His Name.

Please continue to pray for a mighty, Spirit Inspired Revival to sweep through Laudium.

## **5. Missions Fest**

The Laudium Outreach Group will once again be represented at the Missions Fest taking place from 25th to 28th of August this year, at the Hatfield North Campus.

Our focus will be on canvassing for more ‘labourers’ to assist in gathering the harvest for our Lord.

*Nuusbrief ontvang vanaf Johan Naudé – Augustus 2011*

This is the month on the Muslim calendar that is called Ramadan. During this month, Muslims fast from daybreak to sunset every day, meaning that no eating, drinking or smoking is allowed. The reason for this fasting, is partly to get God to forgive their sins, and also, by doing so, to earn themselves a place in Paradise.

Once the sun sets, they are set free from the provisions of the fast, and then they generally make up for what they have missed out on during the day. I remember when I was in Indonesia, going to an outlet like Kentucky Fried Chicken during the late afternoon for instance – you would find the place packed with families sitting around the tables – the food already bought and stacked on the tables, while the whole family sits around waiting for the sound of the siren, which indicates official sunset – and then ‘the feast would commence’.

Many Muslims really don’t know why they are fasting – except to say that it is their duty to do so, and Muslims generally do not appreciate Christians visiting them during this time. In Muslim countries it is taken to be extremely rude, when tourists for instance, would eat, drink or smoke in public during Ramadan, and I was told that specifically in Herat, - during the time I was there – people were taken for questioning, and seriously admonished by the police for ignoring this rule.

If one would happen to enter into a conversation with a Muslim on this topic, one can feel free to communicate the Gospel of Jesus to such a person, emphasizing that Christians do not need to fast to have their sins forgiven, because Jesus died in order to accomplish reconciliation between God and man, and that He had already paid for our sins.

### **Prayer guide**

Please continue to pray for Waida – she is openly declaring, even to the Muslims around, that she is no more taking part in the Ramadan fast, because she is a Christian now.

Please also pray for Roshni – her mind is in a turmoil regarding the various beliefs around. We have made an appointment to see her again on Monday, when we will be doing a study on the teachings of the Bible.

Please pray that the Lord would send more ‘Labourers into the vineyard’. The harvest really is more plentiful than what we can handle with the resources at hand.

Pray for the members of the Laudium Outreach Group – that the Lord will protect them and use them for the extension of His Kingdom.

## Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Ek is steeds besig om op die Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.

Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self te borg. **In die eerste 6 maande van 2011 het die Here al borge vir 150 kinders en arm gesinne voorsien!! Alle dank en eer aan die Here daarvoor!**

Indien u deurlopend (so een keer per week via sms – nie tydens skoolvakansies nie) terugvoer wil kry en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:

### **SOMERKAMPE**

Op twaalf het Ivana te veel tydens die oorlogsjare gesien. Dinge wat 'n kind nooit moes sien nie. Sy het dom en leeg voorgekom, asof sy op 'n slaapwandeling deur die lewe was. Gedurende die oorlog het die gesin hulle huis, beeste, werk en bowenal hulle sekuriteit verloor. SSG het hulle gevind waar hulle in vrees gelewe het.

Toe het Ivana 'n uitnodiging ontvang om Sending Sonder Grense se Somerkamp mee te maak. Met ou, verslete skoene aan en baie min in haar tas – geen toiletsak of baaikostuum nie – het sy op die bus gewag om haar te gaan haal. By die Kamp aangekom, kon sy nie glo hoeveel kos daar met etes aangebied is nie en hoe goed die kos was nie. Nadat sy geleer is hoe om met eetgerei te eet, het Ivana soveel as wat sy kon geëet – sy het soms teruggegaan vir tweede, derde en selfs vierde skeppies! Maar sy het geweet dat sy moes teruggaan na haar gewone omstandighede toe. Sy was net so honger vir die lesse wat sy geleer het, die speletjies wat sy gespeel het en die maats wat sy gemaak het.

Vandag is alles anders. Ivana is op hoërskool waar sy hard werk en hoop dat sy uiteindelik eendag 'n bydrae sal kan maak vir 'n beter lewe vir haar gesin. Sy het ook SSG se Engelse en Rekenaarkursusse voltooi. Deur ons klein besigheidsprojek is haar gesin gehelp met 'n woel-eg en twee kweekhuise wat hulle in staat stel om weer 'n inkomste te verdien. Ivana se doel is om klaar te maak met hoërskool en 'n restaurant te begin. “So kan ek groente van ons plasie gebruik en my hele gesin sal werk hê en 'n beter lewe.” Sedert Ivana en haar gesin weer hulle geloof in God ontdek het, het hulle omstandighede grootliks verbeter. Ivana is nie meer die leë kind by wie die verlede gespook het nie maar 'n meisie met hoop en drome van 'n beter toekoms.

## **Gebed – Opgestel deur Alet Briers**

### **PSALM 66**

#### **LOF EN AANBIDDING**

1. Bid dat VADER-GOD 'n GEES van GEBED sal uitstort op die SENDINGBEDIENING en op die GEMEENTE wat sal lei tot persoonlike HERLEWING.
2. Bid dat mense vanuit hulle persoonlike herlewing JESUS se hart vir die nasies sal ontvang en HOM sal begin liefhê deur SY groot opdrag uit te voer (Matt 28:19) en dat elke gelowige sal besef dat hy / sy 'n SENDELING is.
3. Bid dat almal werklik Jesus se hart vir vervolgdes sal kry en vir hulle sal bid en omgee asof dit hulself is wat vervolg word.
4. Bid vir die gemeente se SENDELINGE :

Alta Glas, Kambodja;  
SENDING SONDER GREENSE, Ds Leon Tait;

Allan en Ansie van der Merwe, Gurue, Mocambique;  
Hannes Peens, Limpopo Sending;  
Mense betrokke by die Koerde;  
LOG – Laudium Outreach Group;  
Wargah Kerk, Noord Irak;  
Koerdiese Kerk Armenië.

5. Bid vir SENDELINGE se fisiese, geestelike en emosionele beskerming; en dat hulle elke dag bewus sal wees van GOD se sorg in hulle lewens.
6. Bid vir geleenthede en oop deure vir SENDELINGE in die omgewing waar hulle werk en dat hulle bediening ewigheidsvrug sal dra.

NS. Bid asseblief rondom reëlings en besluite vir die SENDING WEEK, Februarie 2012.

### Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy  
Sending Sonder Grense  
Ds Hannes Peens (Limpopo)

Ds Leon Tait  
012-333 2470

Koerde

Cobus de Waal  
082 749 7846

Mosambiek radiostasie  
Allen en Ansie vd Merwe

Japie en Ena le Grange  
012-331 3953

Gebedsketting  
Laudium

Alet Briers  
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen  
084 652 8773  
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

**Taakspan vir Sending**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)